

# SKOLEBEDIENING - Swaard van die Gees

## Doel van les:

- Hierdie week leer ons van die gordel van die waarheid.

Lofprysing en aanbidding.

## Ysbreker 1: (10 min)

- **Word search:** Elke groep kry 'n word search blaaie. Kyk wie kan in die 10 minute die meeste Bybelboeke kan opspoor. Wie kan sê wat die Swaard van die Gees is? Ja, die Swaard van die Gees, is die Bybel.

## Les inhoud

- Die Bybel word in 2 hoofdele gedeel - Ou Testament en Nuwe Testament.
- Die Ou Testament is van die begin van die skepping tot voor Jesus se geboorte
- Die Nuwe Testament is van Jesus se geboorte tot die einde van die wêreld

## ILLUSTRASIE:

- Vra 2 vrywilligers om 'n swaardgeveg te kom hou.
- Wat hulle nie weet nie is dat net een swaard 'n lem het, die ander 'swaard' het net 'n handvat.
- Natuurlik gaan die een met die swaard wat 'n lem het wen en die ander een nie, die ander een kan intendeel glad nie eers veg nie, want daar is geen lem nie.

## PROCESS DIE ILLUSTRASIE:

- Waarvoor word 'n swaard gebruik? (om mee te veg)
- Waarvoor kan jy 'n swaard sonder 'n lem gebruik? (niks, dis nutteloos)
- Wanneer ons Ef 6:12-17 lees, lees ons van baie dele van die wapenrusting.
- AL die dele van die wapenrusting is daar om ons mee te beskerm, MAAR die laaste deel is 'n wapen wat ons het om onself mee te verdedig, MAAR as ons nie ons wapen ken nie, en nie weet HOE om dit te gebruik nie, dan is dit soos 'n swaard sonder 'n lem, en is dit nutteloos vir ons as wapen.
- Swaarde is skerp wapens, en hulle word gebruik om mee te sny, Heb 4:12 sê: "Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante" Dit beteken dis 'n wapen met krag!!!

## HOE GEBRUIK EK MY WAPEN?

- Die beste voorbeeld van HOE ek my wapen gebruik is in Matt 4:1-11 (Versoeking van Jesus op die berg). 2 van die leiers gaan dit vir ons lees.
- HOE het Jesus die satan van Hom af weggekry? Hy het dele van die Bybel - Bybelverse vir hom opgesê. En wat het toe gebeur? Satan het van Hom af weggegaan.

## **OEFEN OM JOU WAPEN TE GEBRUIK: (10 min)**

Lees deur die volgende situasies en kyk dan na die verse wat gegee word. Kyk dan of jy die regte teksvers by die regte situasie kan sit.

Kry terugvoering van groepe.

So wat het ons vandag geleer rondom ons swaard - die Bybel?

Ons moet dit LEES, ons moet dit leer ken. Ons moet Bybelverse wat oor ons probleme of ons lewens gaan memoriseer sodat ons dit vir satan kan opsê wanneer hy ons kom aanval, sodat jy nie 'n swaard sonder 'n lem het nie!

Sluit af met gebed.

**Situasie:**

1. Jou vriend/in wil graag kerk toe gaan, maar is bekommerd wat ander van hom/haar gaan dink. Watter vers sal jy gebruik?
2. Dinge gaan nie baie goed by Christine se huis nie. Dalk wanneer dit beter gaan, sal sy goed genoeg voel om kerk toe te gaan. Watter vers sal jy met haar deel?
3. My ouers het vir my gesê ek mag nie vandag Greenacres toe gaan nie, maar ek "worry" nie. Ek sal gaan. Hulle sal nooit uitvind nie. Watter vers sal jy hier gebruik?
4. Jou vriend vertel jou dat hy baie bang is om huistoe te stap wanneer dit donker is. Watter vers sal jy vir hom gee?
5. Jou vriendin is baie jaloers op Karen oor sy so "cool" is. Sy word vir elke span gekies en staan eerste in die klas. Watter vers sal jy vir jou vriendin gee?
6. Die outjie wat langs julle bly dink dat om 'n Christen te wees te moeilik is en hopeloos te veel werk is. Hy wil eerder pret hê en sy lewe geniet. Watter versie sal jy met hom deel?

#### **Teksverse om uit te kies:**

Matteus 5:10: *Geseënd is die wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*

Lukas 18:14b: *Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word.*

Psalm 91:1-2: *Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."*

Psalm 55:23: *Laat jou sorg aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie.*

Efesiërs 6:1-3: *Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. Eer jou vader en jou moeder is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: " sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."*

Efesiërs 2:8-9: *Julle is inderdaad uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op himself trots te wees nie.*

#### **Antwoorde:**

Matteus 5:10: Geseënd is die wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. (1)

Lukas 18:14b: Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word. (5)

Psalm 91:1-2: Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: "U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou."(4)

Psalm 55:23: Laat jou sorg aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie. (2)

Efesiërs 6:1-3: Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. Eer jou vader en jou moeder is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: " sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."(3)

Efesiërs 2:8-9: Julle is inderdaad uit genade gered deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op himself trots te wees nie. (6)